UITGAWE 2 | JAARGANG 22 | 2 FEBRUARIE 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## EPIFANIE

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**VISIONERING**
**Taakspan Vrouebediening** | *Ons eerste Vrouekonferensie van die jaar is hier! Word geestelik verryk en toegerus*

## 04 ARTIKELS

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Spiritualiteit Netwerk** | *Ontmoeting met Heiliges: Benediktus*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Digitale Bediening Netwerk** | *JST* (Volume 3 | Uitgawe 1-3)

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**RFF (Deel 3 van 7)** | *Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Studentebediening** | *Studente vind nuwe bemoediging met Kougom 2024*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**NetACT** | *Skrywersretraite - Ons dink, leer en skryf saam*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | Apologetiese gesprekke met Islam

## 06 VERBI DIVINI MINISTER

**EREDIENS NETWERK**
*Om die draak te steek?* | **Dr Martin Laubscher**

## 07 MEDIATEEK

**Boek en Inventaris**
***Ons wil Jesus sien.*** *Ses stasies in Jesus se lewe. Sy geskiedenis en ons getuienis oor Hom* | **Coenie Burger en Marius J Nel**

## 10 EKOLOGIE

**Vier Wêreld-vleilandedag**
*Vrydag, 2 Februarie 2024*

## 11 AKTUEEL ALGEMEEN

**11** | CLF - Pinksterreeks 2024
**12** | UV - Teologiese Dag
**14** | Advertensies

## 15 VERJAARSDAE

## 17 OPLEIDING

## 19 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 20 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 21 BLÊR-REEKS KINDERSTORIES

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Marlou Strydom
Henco van der Westhuizen
Hannes Theron
Enrico Casaleggio
Martin Laubscher
André Barlow
*VrydagNuus*, Kaapkerk
*Kerkbode* | *Bybelmedia*
*CLF* | *Blêr* | Martin Schwella

---

## EPIFANIE

**Fil 2:5-11** | Herdenk Jesus se lewe hier op aarde (Sy doop, leringe, doen en late) tot en met voor lydenstyd. **Kleur** | Wit (eerste week) en Groen. **Tydperk** | 6 Januarie (tot met die Sondag voor Aswoensdag)

*(Oorgeneem by NGK Durbanville-Bergsig)*

## DAGBOEK DÍT

***16-18 FEBRUARIE 2024**
**VROUEKONFERENSIE**
Hebreërs 11:1
***Deel van God se storie***
Amanzi Private Game Reserve | Kom wees deel
**BESPREEK NOU!**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn **Vrydag 16 Februarie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za






***Foto:** Taakspan Vrouebediening (Canva)*

# ONS EERSTE VROUEKONFERENSIE VAN DIE JAAR IS HIER! *Word **geestelik** verryk en toegerus*

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"My droom vir 2024 is om te help om geleenthede te skep waar ons vrouelidmate 'n bietjie bederf kan word, opnuut hul waarde kan besef en geestelik toegerus kan word om die lewe met al sy uitdagings te kan aanpak; om voluit te leef."*

***Béneli Pretorius***
***Voorsitter: Taakspan Vrouebediening***

"Vroue speel 'n baie belangrike rol in ons verskillende gemeenskappe, waarvan die grootste sekerlik diensbaarheid is. Daarom is dit belangrik dat ons geleenthede moet skep waar ons vrouelidmate hulself geestelik kan verryk en toegerus kan word vir die uitdagings in die lewe," verduidelik Béneli.

**Vertel ons meer van die eerste geleentheid wat julle vir 2024 beplan en waarom dit van groot belang is.**

"Ons jaarlikse Vrouebedieningskonferensie vind plaas vanaf Vrydag 16 tot Sondag 18 Februarie by die pragtige en redelik sentraal-geleë **Amanzi Privaat Wildreservaat**. Ons vrouekonferensies is al die afgelope tien jaar daar aangebied aangesien beide die fasiliteite en diens van uitstaande gehalte is, so ons weet dit sal weereens iets besonders wees.

"Die doel van die konferensie is om aan ons vrouelidmate die geleentheid te gee om in 'n rustige atmosfeer hul emosionele 'tenk' te kom vul."

**Lees meer »**

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Spiritualiteit Netwerk

**Ontmoeting met Heiliges: Benediktus**

»

VENNOTE IN
GETUIENIS



*Mariëtte Odendaal*

RFF | Deel 3 van 7

**Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies**

»

VENNOTE IN
GETUIENIS



*Marlou Strydom*

Studentebediening

**Studente vind nuwe bemoediging met Kougom 2024**

»

BEDIENINGS-
BEGELEIDING

*Dr Henco van der Westhuizen*

Digitale Bediening Netwerk

**JST - The Journal of Systematic Theology**

(Volume 3 | Uitgawe 1-3)

»

VENNOTE IN
GETUIENIS



*Ds Hannes Theron*

NetACT

**Skrywersretraite - Ons dink, leer en skryf saam**

»

VENNOTE IN
GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Apologetiese gesprekke met Islam**

»

# Deel van God se storie

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

## 16 - 18 FEBRUARIE 2024

*HEBREËRS 11:1*

### AANBIEDERS

Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker

### BESPREKINGS NOU OOP

BESPREEK HIER:
HTTPS://QKT.IO/UFZL2G

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

Vrouekonferensie

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat



BEDIENINGSBEGELEIDING

# OM DIE DRAAK TE STEEK?

**Deur** *dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk*

Daar is verskillende maniere waarop die Bergrede gelees kan word. Sommiges (en daar is 'n lang tradisie hiervan) is van mening hierdie Bergrede is nie vir vandag en selfs eens vir môre nie, maar vir eendag! Dis nie hoe dit op die aarde sal wees nie, maar in die hemel. Dis onmoontlik om so te leef en daarom word dit volledig in die toekoms verplaas. Eers ná die wederkoms sal die hemelse gemeenskap só kan leef, maar vir nou en hier is dit eenvoudig nie moontlik nie. Maar gelukkig dink ons ook mos nie so nie, want ons weet Jesus het 'n ander bedoeling hiermee gehad.

Is dit dalk: Lees en pas dit letterlik toe? Nee, juis nie, oordeel 'n ander groep. Die enigste uitweg is om die boodskap te vergeestelik. Jesus bedoel nie regtig jy moet nog 'n ekstra myl loop nie, of regtig jou ander wang draai nie, of nog jou ander kleed ook uittrek nie, maar net dat jy Hom sal liefhê en dien ... en dit kan jy mos doen sonder om enige van hierdie goed te doen. Regtig?

Dan klink die woorde mos maar na "hol simbole – klanke sonder melodie"? Hoe sal mense weet van ons liefde en eiesoortige etiek as ons dit nie ook uitdruk in konkrete dade soos Jesus hier vra nie? Maar gelukkig dink ons mos nie so nie.

Daar moet dus tog ook nog 'n ander manier van lees wees? Inderdaad! Sommige meen ons het hier bloot net te make met reëls, wette, regulasies, direktiewe vir die Christelike lewe wat eenvoudig net so toegepas moet word!



***Foto: Dr Martin Laubscher*** *(verskaf)*


**Lees meer »**

# ONS WIL JESUS SIEN

## *Ses stasies in Jesus se lewe*
## *Sy geskiedenis en ons getuienis oor Hom*

**Coenie Burger en Marius J Nel**

*UITGEWER: BYBEL-MEDIA*
*GEPUBLISEER: 2022 / AFRIKAANS / SAGTEBAND*




*"Ons ken en verstaan Jesus nie naastenby so goed soos ons dink nie."*

"In die eerste deel van dié boek klink hierdie woorde soos 'n refrein op. Dit was waar van Jesus se tydgenote, en dit is waar van mense buite die kerk. Ongelukkig is dit ook waar van vele mense in die kerk."

"***Ons wil Jesus sien*** fokus op die ryk en vreemde veelkantigheid van Jesus se lewe en veral van sy werk. Teenoor die veels te algemene neiging om Jesus tot net een aspek van sy werk te reduseer (gewoonlik die verlossing deur die kruis) glo die skrywers van hierdie boek daar is veel meer aan Jesus. Hy red ons nie net met een deel van sy lewe nie, het Calvyn al gesê, maar met sy héle lewe."

"Dié boek bied 'n waardevolle oorsig oor wat die Nuwe-Testamentiese boeke oor Jesus sê, én hoe gelowiges deur die eeue heen – tot vandag toe – oor Jesus en sy werk gedink het. Die skrywers bou voort op van die heel beste navorsing, maar het die boek vanuit 'n geloofshoek vir gewone gelowiges geskryf."

"***Ons wil Jesus sien*** is geskryf vir almal wat ernstig is daaroor om meer van Christus te leer. Wie dit lees, sal saam met Paulus besef: *Om Christus beter te leer ken kan jou lewe verander."*

***Oorgeneem uit** Kopiereg © 2018 Bybel-Media*




## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

NG Kerk Vrystaat

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

RESPOND

Churches Responding to Disaster

**BRANDE, DROOGTES, VLOEDE EN ANDER RAMPE SAAI JAARLIKS VERWOESTING IN ONS WÊRELD.**

Daarom moet ons as Kerk voorbereid en gereed wees om hulp en ondersteuning te gee wanneer dit gebeur.

*Die **Diens van Barmhartigheid** van die **NG Kerk Vrystaat** reël daarom só 'n opleidingsgeleentheid vir almal wat hierby betrokke wil raak.*

# OPLEIDING

## IN ONDERSTEUNING TYDENS

# RAMPE

**MAANDAG 12 FEBRUARIE & DINSDAG 13 FEBRUARIE**

**09:00 - 15:30**

Mooigenoeg kampterrein

*Verblyf kan op versoek gereël word*

# RSVP

**SANET VOOR 6 FEBRUARIE 2024**

**sanet@ngkvs.co.za**

**051 406 6700**

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# GRATIS

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

# Voel **jonger** en **gesonder** *omdat jy* **KAN**

met Annie Coetzee

*RSG*-aanbieder van ***Word immergroen oud***



**WOENSDAG 13 MAART 2024**

**ENGOSAAL, WESTERBLOEM**

**09:00** AM – **12:00** PM

## SUB-TEMA'S

1. Kreatiewe wenke vir jou DENKE
2. Gaan LEEF nou die gesonder jy

**Skakel in**
**bit.ly/gerontologienetwerk**

**082 783 0730**
**WhatsApp "JA" om te RSVP 6 Maart**




## Wêreld-vleilandedag

*Bron: **Wikipedia®** en **Getuienisaksie**, Kaapkerk*

Water speel regdeur die Bybel 'n baie belangrike rol. Jesus gebruik lewende water byvoorbeeld as metafoor vir die verlossing en nuwe lewe wat Hy bring. **Op 2 Februarie word Wêreld-vleilandedag gevier.** Vleilande werk soos 'n natuurlike sif; dit is natuurlike watersuiweraars. Dit is water-ekosisteme wat plantegroei en ander organismes bevat en ekologiese gesondheid verseker, nie net vir waterbronne nie, maar ook vir ons omgewing as 'n geheel. Op hierdie dag raak ons weer opnuut bewus van die beduidende rol wat vleilande speel; nie net vir ons as mense nie, maar ook vir ons planeet as 'n geheel. Ongelukkig word hierdie kosbare water-ekosisteme bedreig as gevolg van oorbevolking en die gepaardgaande menslike konstruksies; 'n dilemma wat dringende aandag verdien. Lees meer hieronder.


Loer ook gerus na die video (met erkenning aan Getuienisaksie) daaroor.

**LEES »** **LOER »**


2024
Pinksterreeks
*Pentecost series*
NUUT
PINKSTERREEKS
PENTECOST SERIES
https://clf.co.za/resource-toolkit/
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af / *Download it from CLF's Resource centre*
CLF


Stil-weg
gedagtes oor
stilte en vertroue
Carel Anthonissen
NUUT
CLF


5
SKOLE
900
BEHOEFTIGE
KINDERS
TERUG-SKOOL-TOE-
ONDERSTEUNING
VIR BEHOEFTIGE LEERDERS
ONS MOET HELP
KONTANTSKENKINGS
WELKOM
102 benodig skooltasse
147 benodig skoolskoene
135 benodig skoolklere
167 benodig basiese skryfbehoeftes
167
HET DRINGEND
HULP
NODIG
INFO@TOIBO.ORG.ZA
076 143 6961
WWW.TOIBO.ORG.ZA
TRANSORANJE INSTITUUT VIR
BUITENGEWONE ONDERWYS




# THEOLOGICAL DAY INVITATION

The **Faculty of Theology and Religion** is honoured to extend an invitation to you for a profound exploration on our **Theological Day: "The End Of Democracy. Theological Perspectives."** This enlightening event is scheduled to take place on **12 February 2024** at the prestigious **Odeion School of Music**, UFS Bloemfontein Campus.

Distinguished speakers, including **Archbishop Thabo Makgoba** (Archbishop of the Anglican Church of Southern Africa) **and Prof. Heinrich Bedford-Strohm** (moderator of the World Council of Churches), will contribute to the contemporary debate regarding democracy. Our **Dean Designate, Prof. John Klaasen**, will lead the worship service.

To ensure your participation in this intellectually stimulating gathering, kindly RSVP through the provided link: **RSVP Link**

**Date:** 12 February 2024
**Time:** 09:00 to 13:00
**Place:** Odeion School of Music,
**RSVP:** https://forms.gle/MQZtKZEMMHgpTpHH8
Before 05 February 2024

**T: 051 401 2667 | theologyevents@ufs.ac.za | https://www.ufs.ac.za/theology**

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS THEOLOGY AND RELIGION

# VIBE - EXPLORE - MOKETE - KUIER - PRAISE




# imagine

## 21 - 23 MARCH 2024

### FREE STATE

**NAMPO PARK, BOTHAVILLE**

**CHRISTIAN CAMP FOR TEENAGERS AGED 13-18 YEARS**



**TICKET PRICE R650-00 EXCLUDING TRANSPORT**

# WORSHIP - ENCOUNTER - VRIENDE - FUN



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## FEBRUARIE

- **04** — Ds Dubois du Toit, KESTELL
- **11** — Ds Pierre Guillaume, SCHONKENVILLE
- **13** — Ds Gerber Roux, HOSPITAALPARK
- **13** — Ds Ferdi Retief, NOORDHOEK
- **15** — Ds Chris de Vries, HEUWELSIG

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# Ring van Bethlehem

# Skriba BEDERFDAG 2024



**Wo. 7 Februarie**

**09:00–10:30**

**Mon Rêve Café**

(langs Garden World kwekery, oorkant vliegveld)

**Bethlehem**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

Jan - Des 2024

*Teken die verskillende kursusse aan*

Lees meer +




## EXCELSUS NUUT IN DIE BEDIENING

6 - 8 Februarie

270 VBO-punte

*Hoe word 'n gemeente missionaal?*

Lees meer +

**Registreer** +





## OORGEËRFDE FAMILIE TRAUMA

20 Februarie

5 VBO-punte
5 CPSC-punte
5 AFM/PCD-punte

Lees meer +

**Registreer** +




## INLEIDING TOT EMOSIONELE LOGIKA

Jan - Des 2024

3 VBO-punte

*Ontdek die logika van jou emosies*

Lees meer +

**Registreer** +

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag @ **agenbag1@sun.ac.za***

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




## BROKKIES UIT kerkbode

Bybel-Media

**Publikasie**

*Lamenting for change*

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**

*Polsslag*

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**

*Aardewurm, Tydboom en die Springmat*

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

ELDERS GESIEN

**Palestina kies 'Verdra mekaar in liefde' as tema vir biddag**

*Kerkbode / 31 Januarie 2024 / Nuus*

ELDERS GESIEN

**Stories by dosyne oor oplossings vir Suid-Afrika se platteland**

*Kerkbode / 31 Januarie 2024 / Nuus*

**Leraar vertel oor Betlehem-besoek: 'Ons het merkwaardige en brawe mense ontmoet'**

*Kerkbode / 25 Januarie 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

ELDERS GESIEN

**Datums bekend vir leergeleentheid oor heiliges**

*Kerkbode / 18 Januarie 2024 / Nuus*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS


**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2 0 2 4

**ADVERTEER AANLYN HIER**

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**


# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP** | **Proponente Anton en Melissa Jacobs** is Sondag 28 Januarie 2024, op 'n gesamentlike kerkraadsvergadering van die NG Gemeentes Lindley en Arlington, as (volwaardige en gelykwaardige) medeleraars beroep na die twee gemeentes wat 'n samewerkingsooreenkoms met mekaar het. Dis wonderlike nuus vir ons en ons hoop dat hulle dit gunstig gaan oorweeg.

**BEVESTIGING** | **Dr Henry Williams,** emeritusleraar van De Aar-Noord, het die beroep na NG Gemeente Kerkenberg op Harrismith aanvaar. Sy bevestiging sal vroeg in Februarie 2024 plaasvind. **Ds Charné Viljoen**, jeugleraar van NG Gemeente Pellissier, het die beroep na Groot-Brakrivier aanvaar en het haar Akte van Demissie op 31 Januarie 2024 ontvang.

**EMERITAAT** | **Ds Stefan Maritz** van NG Gemeente Ooshoek het op 31 Januarie 2024 emeriteer en het reeds 'n termynkontrak van 12 maande aanvaar.

# Die Verlore Skapie

## Kerkbasaar



deur MARTIN SCHWELLA

Welkom in Blêrfontein liewe luisteraar, hier gons die strate behoorlik in die buurte, want dit is weer kerkbasaar! Die diere beweeg almal stuk-stuk in die rigting van die kerk. Wanneer dit kerkbasaar is in Blêrfontein, kan jy sommer weet, die opwinding is groot. Dit is ‘n tyd vir feesvier en vir die dorp se diere is dit ‘n tyd om lekker saam te kuier.

Soos wat die diere instap by die kerk se hek, stap hulle onderdeur ‘n banier waarop daar groot “WELKOM” geverf is. Daar is oral ballonne, vlaggies en stringe touliggies van verskillende kleure. Dan, so bietjie dieper, is daar stalletjies in tente. Daar is iets van alles. Daar is koffie, pannekoek, speelgoed, fietsies-ry, musiek en ‘n groot tombola tafel. Dit lyk só mooi daar! Al die diere het gehelp. Dit is die een ding van Blêrfontein - almal werk saam, soos een groot familie. En wanneer dit kerkbasaar is, het elkeen sy eie werkie of twee.

Tjoppie en tannie Êna het gesorg vir musiek. Tjoppie het die klanksisteem opgestel en hy speel op sy bokskitaar, terwyl tannie Êna sing en die klawerbord bespeel. Juffrou Katryn-Kat en Molly het gesorg vir die banier en ook die versierings. Dié twee werk ook tydens die basaar by die tombola tafel. Die Plaashond-Oom was ook daar om waatlemoen en spanspek te verkoop.




Oom Varkie sorg dat die vure brand en dat daar genoeg stoele uitgepak is vir almal wat wil sit. Ds Armach Breytenblaf het vir homself 'n kostuum gekry om die kinders te vermaak. Hy dans en speel te lekker. Sjuut, niemand weet dit is hy nie. Maar waar is Leon dan?

Leon werk by die pannekoek-stalletjie. Dit is altyd baie besig daar, die diere staan in lang rye om net 'n lekker pannekoek te kry. Dié stalletjie is bedrywig agter die toonbank. Daar is tannies wat bestellings neem en dit gee vir die span wat pannekoek bak. Leon is deel van dié span. Rondom hom is baie panne en hope pannekoek. Net so vinnig soos wat die pannekoeke begin ophoop, net so vinnig word hulle weer uitgedeel vir die diere wat bestel het. Leon bak aan vier pannekoeke gelyktydig. Leon werk fluks en hy het behoorlik werk vir sy pootjies.

**Lees meer hier, my BLÊR**

# DEERNIS MET DIE NG KERK

***Deur** ds André Barlow, emeritusleraar van NG Gemeente Hugenoot*



***Foto: Ds André Barlow** (verskaf)*

Dit het gebeur tydens 'n vakansie by Kleinzee, 'n kusdorpie aan die Noord-Kaapse kus 62 km suid van Port Nolloth, redelik afgesonder met grondpaaie as toegangsroetes. 'n Interessante dorpie met 'n interessante geskiedenis.

Soos dominees maar is, vra ek vir een van die inwoners of daar eredienste op die dorp gehou word. "Hulle het 'n kerk so 4 km buite die dorp." Sondagmiddag en ek besluit om te gaan kyk hoe lyk die omgewing. Ná ongeveer 4 km sien ek die bordjie langs die pad: NG Kerk Grootmis.

> *"Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."*
>
> **EFESIËRS 1:23 AFR83**

Hier op hierdie afgesonderde deel van ons land. 'n Kerkgebou waar eredienste gehou word. Vars motorspore sê daar was die oggend 'n erediens. Ek dink aan die bekende uitdrukking: Daar is geen duimbreedte van ons land wat nie ingedeel is in 'n wyk van die NG Kerk nie.

Skielik oorval 'n onbeskryflike deernis vir die NG Kerk my. Buite Kleinzee op die pad na Port Nolloth toe. Die kerk wat sedert haar stigting op berge en in dale daar was. Die kerk wat gereeld deurloop onder kritiek. Die kerk wat die grootste barmhartigheidsorganisasie in die land genoem word. Die kerk deur wie se arbeid sovele Jesus Christus as Verlosser leer ken het.

Ek sit daar in my motor en staar na die bordjie "NG Kerk Grootmis" en besef jy moet spaarsamig wees met jou kritiek op die NG Kerk. Een of ander dosent het gesê: As God jou Vader is, is die kerk jou moeder. Voordat jy daar was, was die NG Kerk al daar en waaroor jy maar nog droom, was al op die NG Kerk se agenda.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

DEPARTEMENT
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING